



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
ASSESSERINGSRIGLYNE
WISKUNDE: AFRIKAANS
GRAAD 1

INLEIDING

Die 2015 Jaarlikse Nasionale Assesseringstoetse (JNA 2015) sal administreer word in alle openbare en geïdentifiseerde privaatskole in September 2015. Alle graad 1–3 leerders sal gedurende hierdie tydperk nasionale toetse in Huistaal en Wiskunde aflê. Die resultate van hierdie toetse sal gebruik word om te rapporteer oor vordering wat verband hou met die mylpale wat bereik moet word soos uiteengesit in die “*Action Plan 2015 Towards Schooling 2025*”.

Die JNA toetse sal gedurende die derde skoolkwartaal geskryf word en daarom het die Departement van Basiese Onderwys Assesseringsriglyn dokumente saamgestel wat van toepassing is op elke graad en vak (Huistaal en Wiskunde), wat die minimum kurrikuluminhoud uiteenset wat vooraf deur leerders gedek moet word, voordat die toets afgeskryf word. Die Assesseringsriglyne bepaal die omvang van die werk vir elke graad en vak wat in die toets gedoen moet word. Die riglyne bepaal die raamwerk vir die werk wat gedek moet word per graad en per vak. Die 2015 JNA is ontwikkel in ooreenstemming met die kurrikulum wat in die fase geïmplementeer moet word.

GRONDSLAGFASE

Die toetse sal saamgestel word uit die voorgeskrewe kurrikulum van Graad 1-3 vir kwartale een tot drie van die skooljaar. Die riglyne vir hierdie grade is saamgestel en georganiseer in drie kolomme en rye. In die eerste kolom word die inhoudsarea wat geassesseer moet word gespesifiseer. In die tweede kolom word die onderwerp wat geassesseer moet word uiteengesit en in die derde (laaste) kolom word die vaardighede wat assesseer moet word uiteengesit.

Let wel, die JNA 2015 Assesseringsriglyne impliseer nie dat slegs die afgebakende werk deur die skooljaar onderrig en geleer moet word nie. Intendeel, die Assesseringsriglyne voorsien die basiese minimum kurrikulum wat teen die einde van die derde kwartaal gedek moet word.

Van Opvoeders word verwag om die Assesseringsriglyne tesame met ander hulpbronne vir hul onderrig en Assesseringprogramme te gebruik.

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:
Getalle, bewerkings en verwantskappe	Tel aan en terug	Tel in: <ul style="list-style-type: none"> - ene vanaf enige getal tussen 0-80 - 10'e vanaf enige veelvoud van 10 tussen 0-80 - 5'e vanaf enige veelvoud van 5 tussen 0-80 - 2's vanaf enige veelvoud van 2 tussen 0-80
	Getalsimbole en getalname	Skryf getalsimbole 1 tot 20 Skryf getalname 1 tot 10
	Beskryf, vergelyk en orden getalle	Orden heelgetalle van die kleinste tot die grootste en van die grootste tot die kleinste tot en met 15. Voor, na, in die middel/tussen Vergelyk 'n versameling voorwerpe volgens baie, min, meeste, minste, meeras minder as, ens.
	Probleemoplossingstegnieke	<ul style="list-style-type: none"> - Teken prente vir die storiesom. - Opbou en afbreek van getalle - Verdubbeling en halvering - Getallelyn
	Optelling en aftrekking	Los woordprobleme in konteks op en verduidelik eie oplossings vir probleme deur gebruik te maak van optelling en aftrekking tot 15
	Herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging	Los woordprobleme in konteks op en verduidelik eie oplossings vir probleme deur gebruik te maak van herhaalde optelling wat lei tot vermenigvuldiging tot 10
	Groepering en verdeling wat lei tot deling	Los woordprobleme in konteks op en verduidelik eie oplossings wat gelyke deling en groepering met heelgetalle tot 10 en antwoorde met 'n res insluit
	Geld	Herken en identifiseer Suid Afrikaanse munte 5c, 10c, 20c, 50c, R1, R2, R5 Los geldprobleme op wat totale en kleingeld tot R20 en in sente tot 20c insluit.

INHOUDSAREA	ONDERWERPE	VAARDIGHEDE/BEVOEGDHEDE Om leerders te assesser om te bepaal of hulle in staat is om:
	Optelling en aftrekking	Tel op tot 15 Trek af vanaf 15 Oefen getalkombinasies tot 9
Patrone, Funksies en Algebra	Meetkundige patrone Getalpatrone	Kopieer en brei eenvoudige geometriese patrone uit Kopieer en brei eenvoudige getalreekses uit tot ten minste 80 in ene, twees, vywe en tiene
Ruimte en Vorm	2 –D vorms	Vergelyk 2-D vorms ten opsigte van -grootte -vorm -reguit sye -ronde sye Herken en Benoem 2-D vorms: sirkel, driehoek, vierkant
	Simmetrie	Herken en teken lyn van simmetrie in 2-D meetkundige en nie-meetkundige vorms
Massa	Tyd	Benoem en orden dae van die week Benoem en orden maande van die jaar
	Lengte	Vergelyk, orden en rekordeer lengte deur met nie-standaard meeteenhede te meet bv. treë, potloodlengtes, handbreedtes Gebruik woordeskat en bespreek die vergelyking tussen langer, korter, langer, wyer
Datahantering	Voorstel, Analiseer en interpreteer data	Beantwoord vrae rakende data in prentdiagram Stel data voor in prentgrafiek